



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## FEBRUARIE/MAART 2012

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

3. Al die vrae tel 50 punte.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 In die Afrika Tradisionele Godsdiens sal die aanbidder 'n (wonderwerk/ritueel/lied/mite) moet uitvoer om kommunikasie met die voorvaders te herstel. (2)

1.1.2 Die (Bybel/Koran/Vedas/Tanag/Kitáb-i-Aqdas) is die heilige geskrif van Judaïsme. (2)

1.1.3 Shia'h is een vertakking van die (Baha'i-/Boeddhistiese/Islamitiese/ Afrika Tradisionele) geloof. (2)

1.1.4 Die Dalai Lama is die geestelike leier van een vertakking van (die Baha'i-geloof/Hindoeïsme/Boeddhisme/Sjintoïsme). (2)

1.1.5 Die woord 'hermeneutiek' kom van die (Romeinse/Duitse/Griekse/ Hebreeuse) woord. (2)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK NEER.

1.2.1 Die konsep van God bestaan nie in die Afrika Tradisionele Godsdiens nie, hulle glo slegs in voorvaders. (2)

1.2.2 Alle Moslems verklaar dat die belangrikste woorde/gesegdes van die Profeet dié is wat deur Ali en die Profeet se dogter, Fatima, aangeteken is. (2)

1.2.3 Die groep bekend as die Vrye Baha'i's is deur Ruth White en Hermann Zimmer begin. (2)

1.2.4 Daar is geen interne verskille binne Boeddhisme nie. (2)

1.2.5 Onafhanklike Afrika-kerke het elemente van die Afrika Tradisionele Godsdiens geïnkorporeer. (2)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n word/beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Die samesmelting van verskillende godsdienste | A Afrika Tradisionele Godsdiens |
| 1.3.2 Verering van voorvaders | B dogma |
| 1.3.3 Leerstelling/Doktrine | C sinkretisme |
| 1.3.4 'n Arrogante aankondiging van 'n mening | D Universele Verklaring van Menseregte |
| 1.3.5 Vryheid van geloof en godsdiens | E stel van essensiële oortuiginge |

(5 x 2) (10)

1.4 Noem EEN hoof normatiewe bron van die Hindoe-geloof. (2)

1.5 Verduidelik kortliks die konsep *ubuntu* soos dit in die Afrika Tradisionele Godsdiens van toepassing is. (4)

1.6 In DRIE sinne, verduidelik die rol van voorvaders in die Afrika Tradisionele Godsdiens. (6)

1.7 Verduidelik kortliks die konsep *sekularisme*. (4)

1.8 Beskryf *mite* soos wat dit in die konteks van godsdiens van toepassing is. (2)

1.9 Noem die Duitse priester wie se leringe geleidelik tot die Protestantse Hervorming gelei het. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Verduidelik die volgende konsepte in godsdienstige konteks:

2.1.1 Identiteit (4)

2.1.2 Eenheid (4)

2.1.3 Vergelykbaarheid (4)

2.1.4 Verskil (4)

2.1.5 Uniek (4)

2.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> In Sri Lanka erken die konstitusie Boeddhisme as die primêre godsdiens, maar ondersteun die reg van ander godsdienste om vrylik beoefen te word. Boeddhisme is nie die staatsgodsdiens nie. In die praktyk is daar egter probleme, byvoorbeeld:
>
> 1. Ekstreme Boeddhiste val soms Christen-eiendom aan en die regering doen nie veel daaromtrent nie.
> 2. Die aanvalle is gedeeltelik as antwoord op Christen-sendingaktiwiteite.
> 3. Wetsontwerpe word in die parlement ter tafel gelê wat bekeringsaktiwiteite sal verban.
> 4. Die situasie is egter nie erg nie omdat mense van verskillende gelowe redelik goed met mekaar oor die weg kom.

2.2.1 Verduidelik waarom Christen-sendingaktiwiteite 'n bron van godsdienstige konflik in Sri Lanka sou wees. (4)

2.2.2 Dink jy dat die verbanning van bekeringsaktiwiteite die godsdienstige konflik in Sri Lanka sal oplos? Motiveer jou antwoord. (4)

2.2.3 Watter voorstel sou jy aan die regering van Sri Lanka doen om die godsdienstige konflik aan te pak? (4)

2.2.4 Hierdie tipe konflik sal nie in Suid-Afrika gebeur nie. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee redes vir jou antwoord. (8)

2.3 Ontleed die interne differensiasies in Hindoeïsme. (10)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Bespreek enige EEN sekulêre wêreldbeskouing, byvoorbeeld sekulêre humanisme, kommunisme of agnostisisme. (20)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Diegene wat in die Hindoe-geloof glo, het 'n diepe geloof in geestelike evolusie en geestelike regressie. Op die basis van so 'n geloof is die doel van die lewe om die goddelike binne 'n individu self te ontdek.

In die konteks hiervan, bespreek die geloof in reïnkarnasie soos dit op Oosterse gelowe van toepassing is. (10)

3.3 Noem VYF gemeenskaplike oortuiginge wat deur die Abrahamitiese gelowe (Islam, Judaïsme en Christendom) gedeel word. (10)

3.4 Verduidelik die konsep van *onderrig/leer/onderwys* soos wat dit op godsdiens van toepassing is. (10)

**[50]**

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Daar word dikwels gemeen dat menseregte die individu se vrye toegang tot lewe, vryheid en die strewe na geluk insluit. Dit sluit gelykheid voor die reg in. Ook belangrik is vryheid van denke en uitdrukking – insluitende godsdiensvryheid.
>
> Ongelukkig het die term 'godsdiensverdraagsaamheid' baie betekenisse. Hier word godsdiensverdraagsaamheid gedefinieer as die 'uitbreiding van godsdiensvryheid aan mense van alle godsdienstige tradisies, al lyk hulle oortuiginge en/of geloof vreemd en onwaar'. Verdraagsaamheid dui eenvoudig op respek vir die reg van mense van alle gelowe om in vrede, sonder onderdrukking of diskriminasie, naas mekaar te bestaan.

4.1 Stem jy saam met die definisie van godsdiensverdraagsaamheid soos in die uittreksel hierbo? Gee redes om jou antwoord te ondersteun. (10)

4.2 Verduidelik die verhouding tussen *godsdiensverdraagsaamheid* en *godsdiensvryheid*. (10)

4.3 Bespreek TWEE voordele van 'n samelewing waar daar godsdiensvryheid en -verdraagsaamheid is. (10)

4.4 Bespreek kortliks die nadele van 'n samelewing waar daar geen godsdiensvryheid of -verdraagsaamheid is nie. (10)

4.5 Bespreek kortliks die godsdienstige basis vir menseregte, verdraagsaamheid en respek in die konteks van enige EEN godsdiens. (10)

**[50]**

**VRAAG 5**

Die brief hieronder is aan die redakteur van 'n koerant geskryf in reaksie op die publikasie van 'n spotprent van Profeet Muhammad. Lees die brief en beantwoord die vrae wat volg.

> Ons veroordeel die publikasie van spotprente van Profeet Muhammad (vrede vir hom) in Europese koerante en tydskrifte, wat 'n duidelike en doelbewuste belediging vir die Islam-godsdiens en sy volgelinge is … Ons respekteer … vryheid van spraak, en … die 'pers' het die reg om hul vrye meningsuiting uit te oefen, maar ons weet dat vrye meningsuiting met verantwoordelikheid saamgaan en niemand moet enige laster (sleg praat/kwaad praat) uitoefen in die naam van vrye meningsuiting en doelbewus die emosies en gevoelens van biljoene mense wat aan 'n sekere geloof glo, seermaak nie.
>
> [Shuters, *Religion Studies*, Hofmeyr et al, page 210]

5.1 Verduidelik kortliks TWEE kwessies waaroor die skrywer van hierdie brief sorg uitspreek. (4)

5.2 Dink jy die koerant moet om verskoning vra dat hulle die skrywer aanstoot gegee het? Gee redes vir jou antwoord. (6)

5.3 Verduidelik kortliks die TWEE 'vryhede' wat in die brief geïdentifiseer kan word. (4)

5.4 Bespreek kortliks watter voorsorg koerante moet tref wanneer godsdiensverwante kwessies gepubliseer word. (6)

5.5 Verbeel jou dat jy die redakteur van hierdie koerant is. Skryf 'n kort antwoord aan die skrywer van hierdie brief waarin jy aandag gee aan sy/haar besorgdheid oor die saak. (10)

5.6 Verduidelik hoe godsdiensvryheid en verdraagsaamheid in die Islam-geloof bevorder word. (10)

5.7 Beskryf die verhouding tussen die media en godsdienste in Suid-Afrika. (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou